



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE V1

MODEL 2014

PUNTE: 180

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye en 'n aparte inligtingsblad.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. As gevolg van die aard van hierdie drie-uur-eksamen is dit belangrik om daarop te let dat jy NIE toegelaat sal word om die eksamenlokaal voor die einde van die eksamensessie te verlaat NIE.
2. Tik jou eksamennommer in die bladsyboskrif ('header') van ELKE dokument wat jy skep of stoor.
3. 'n Kopie van die meesterlêers ('master files') sal by die toesighouer beskikbaar wees. Indien daar enige probleme met 'n lêer is, mag jy die toesighouer vir 'n ander kopie vra.
4. Hierdie vraestel bestaan uit SEWE vrae.
5. Beantwoord AL die vrae.
6. Maak seker dat jy elke dokument stoor deur die lêernaam wat in die vraestel gegee word, te gebruik. Stoor jou werk gereeld as 'n voorsorgmaatreeël teen moontlike kragonderbrekings.
7. Lees elke vraag deur voordat jy dit beantwoord of die probleem oplos. MOENIE meer doen as wat deur die vraag vereis word NIE.
8. Aan die einde van die eksamen moet jy die disket wat deur die toesighouer aan jou gegee is, inlewer met AL die lêers daarop gestoor, OF jy moet seker maak dat AL die lêers op die netwerk/rekenaar gestoor is, soos deur die toesighouer/onderwyser aan jou verduidelik is. Maak absoluut seker dat al die lêers gelees kan word.
9. Die aparte inligtingsblad wat saam met die vraestel verskaf word, **MOET NA AFLOOP VAN DIE DRIE-UUR-EKSAMENSESSIE INGEVUL WORD**. Lewer dit aan die einde van die eksamen by die toesighouer in.
10. Gedurende die eksamen mag jy die hulfunksies gebruik van die programme wat jy gebruik. Jy mag GEEN ander hulpbronnemateriaal gebruik NIE.
11. Indien data afgelei is uit 'n vorige vraag wat jy nie kon beantwoord nie, moet jy steeds voortgaan met die vrae wat volg.
12. Tensy anders aangedui, moet jy formules en/of funksies vir ALLE berekeninge in vrae oor sigblaaie gebruik. Gebruik absolute selverwysings slegs waar nodig om seker te maak dat formules korrek is wanneer jy dit na ander selle in 'n sigblad kopieer.
13. Vir alle vrae oor woordverwerking moet jy die taal op 'English (South Africa)' stel. Neem aan dat die papiergrootte A4 Portret ('Portrait') is, tensy anders aangedui.

14. Die eksamenlêergids/-datadisket wat jy saam met hierdie vraestel ontvang, bevat al die lêers wat hieronder aangedui word. Maak seker dat jy al die lêers het voordat jy met hierdie eksamen begin.

• Q1Statistics_Statistiek	Woordverwerkingslêer
• Q1Sugar_Suiker	Prentlêer
• Q2Tips_Wenke	Woordverwerkingslêer
• Q3Health_Gesondheid	Sigblادلêer
• Q4Gym_Gim	Sigblادلêer
• Q4Health_Gesond	Prentlêer
• Q5Food_Voedsel	Databasislêer
• Q6Dirt_Vuil	Prentlêer
• Q6Healthy_Gesond	Woordverwerkingslêer
• Q6HomeSafe_HuisVeilig	HTML-lêer
• Q7Hygiene_Higiene	Woordverwerkingslêer
• Q7Preparation_Vorbereiding	Aanbiedingslêer
• Q7Data	Sigblادلêer
• Q7Certificate_Sertifikaat	Woordverwerkingslêer

SCENARIO

Baie faktore affekteer jou gesondheid. Faktore soos jou genetiese samestelling of jou ouderdom kan jy nie beheer nie, maar jy kan wel jou leefstyl beheer. Om die risiko van hartsiektes, kanker, beroerte en ander ernstige siektes te verminder, kan jy stappe neem vir 'n gesonder leefstyl. 'n Veldtog is van stapel gestuur om mense meer bewus te maak van die gevare van 'n ongesonde leefstyl.

**VRAAG 1: WOORDVERWERKING**

'n Dokument wat statistiek oor kitskos bevat, is geskep om mense bewus te maak oor hoe ongesond kitskos kan wees.

Maak die dokument **Q1Statistics_Statistiek** oop.

1.1 Vind die teks 'Fast Food Statistics'. Verander hierdie teks soos volg:

Pas WordArt met die styl Accent 1 ('with Inner Shadow') toe.


Fast Food Statistics

(3)

1.2 Gebruik 'n woordverwerkingseienskap ('feature') om al die gevalle van '~~fast~~' met '**fast food**' (vetdruk) te vervang.

(3)

1.3 Verander die grootte van die prentjie in paragraaf 1 (hieronder vertoon) na presies 3 x 3 cm.



(2)

1.4 Voeg 'n hartjievorm na die teks 'anyone?' in die opskrif van paragraaf 3 in. Vul die vorm met die prentjie *1Sugar_Suiker.jpg* sodat dit soos hieronder vertoon:



3. Sugar anyone?

(3)

- 1.5 Ruil die inhoud van paragraaf 5 met die inhoud van paragraaf 6 om sonder om die nommering van die paragrawe te verander. (1)

5.	Get your veggies.
What is the number one vegetable? Potato. French fries don't really qualify as a vegetable, but it's still the most consumed? Are you concerned with your family's health? Eating deep fried starch is a good place to start. Or at least you could rather have some fresh fibre!	
6	Mommy! Daddy! Happy meal!
Well, this advertisement does not even need words. Research shows that most North American children can recognize McDonalds before they can speak. That is truly an acknowledgement to fast food advertising.	

- 1.6 Vind die twee paragrawe onder die opskrif '7. And to top it all off? ...'.
Hierdie twee paragrawe is in bo-kas (hoofletters) getik. Verander dit na sinkas ('sentence case'). (1)
- 1.7 Plaas 'n bladsy-agtergrond op al die bladsye met die gebruik van:
• 'n Vertikale gradiënt-vuleffek
• Die kleure blou en wit (3)
- 1.8 Plaas 'n bladsyraam ('page border') om die eerste bladsy van die dokument. Die bladsyraam moet 'n 10 punt-kunsstyl ('Art-style') -raam wees. (3)
- 1.9 Plaas die teks 'Adapted' as 'n watermerk in die dokument. (2)
- 1.10 Voeg 'n voorblad ('cover page') soos volg by die dokument:
• Gebruik die 'Alphabet'-voorblad uit die galery.
• Voeg '**Food Statistics**' in as die dokumenttitel.
• Verwyder die res van die opsies/kontroles heeltemal van die voorblad. (3)
- 1.11 Voeg 'n voetnoot by die teks '\$460.00' in paragraaf 2.
• Gebruik die '*' (ster) -simbool as 'n doelmerk ('custom mark') om die voetnoot te merk.
• Die teks 'Equal to ±R4500.00' moet as die voetnoot-tekst vertoon. (3)
- 1.12 Vind die woord 'smarter' in die tweede laaste reël van die dokument.
Plaas 'n hiperskakel ('hyperlink') op die teks soos volg:
• Die hiperskakel moet koppel aan die webwerf <http://www.smart-health-eating.com>.
• Die teks 'Eat smart!' moet vertoon wanneer die muis oor die hiperskakel beweeg word. (3)

Stoor en maak die dokument **Q1Statistics_Statistiek** toe. [30]

VRAAG 2: WOORDVERWERKING

Nie almal weet hoe om 'n gesonde lewe te leef nie. 'n Dokument met wenke oor hoe om doelbewus gesonder te leef, is geskep.

Maak die dokument **Q2Tips_Wenke** oop.

2.1 Plaas 'n inhoudsopgawe ('Table of Contents') boaan die eerste bladsy.

Die inhoudsopgawe moet:

- Slegs die style Heading 1 en Heading 2 insluit
- Die 'simple format'-formaat gebruik
- Bladsynommers hê wat regs inlyn gestel is

Healthy Food Tips	1
1. <i>Don't believe what you read!</i>	1
2. <i>Fresh Fibre First</i>	1
3. <i>Eat some fat!</i>	2
4. <i>Eat some dirt.</i>	2
5. <i>Try a salad.</i>	2
6. <i>Eat meat</i>	2
7. <i>Drink some water</i>	3
8. <i>Eat Smart!</i>	4

(4)

2.2 Vind die teks wat met die opskrif 'Don't believe what you read! ...' begin en met die teks '... smart healthy eating.' eindig.

Plaas die teks in kolomme soos volg:

- Die teks moet oor twee kolomme vertoon.
- Die opskrif '2. Fresh Fibre First' moet altyd boaan 'n kolom verskyn.

(2)

2.3 Verander die paragraafspasiëring van die paragraaf wat begin met 'Do you love food? ...' en eindig met '... some fresh fibre first.' na 12 pt voor die paragraaf.

(1)

2.4 Vind die paragraaf wat begin met '4. Eat some dirt ...' en eindig met '... your kid's mud pies'.

Pas die volgende opsies op hierdie paragraaf toe:

- Vermy sweefreëls ('widows') en rugreëls ('orphans').
- Hou die reëls op een bladsy bymekaar.

(2)

- 2.5 Voeg 'n byskrif ('caption') bokant die prentjie van water onder die opskrif '7. Drink some water'. Hierdie byskrif moet **Water 1** wees. (2)
- 2.6 Verander die oriëntasie van slegs die bladsy met die tabelle (onder die opskrif '8. Eat Smart!') na landskap. (2)
- 2.7 Vind die 'BMI'-tabel aan die einde van die dokument.
- 2.7.1 Verdeel die tabel in twee tabelle sodat die rooi en pers gedeeltes apart is. (1)
- 2.7.2 Plaas 'n driedubbele buiterraam rondom die tweede (pers) tabel soos hieronder getoon.

BMI	Classification
18.5 to 24.9	Normal weight
25 to 29.9	Overweight
30 +	Obesity
40 +	Extreme obesity

BMI of Children and Adolescents Ages 2–19	
BMI	Classification
At or above the 85th percentile	Overweight or obese
At or above the 95th percentile	Obese

- 2.8 Vind die teks onder die tabelle aan die einde van die dokument. (1)

Formateer die teks deur die uitleg- en formateringsopsies wat in die diagram hieronder getoon word, te gebruik.

Selected Characteristics	Very good to Excellent	Poor to Good
Male	38103	10253
Female	36414	9526
0 - 4 Years	21254	5615
5 - 11 Years	29014	7663
12 - 17 Years	24249	5600

- 2.9 Gebruik outomatiese nommering om bladsynommers regs inlyn te stel in die bladsyonderskrif ('footer') op bladsye met onewe nommers en links inlyn te stel op bladsye met ewe nommers. (2)

Stoor en maak dokument **Q2Tips_Wenke** toe.

[20]

VRAAG 3: SIGBLAD

'n Gesondheidsopname is gedoen op 'n groep leerders van 'n plaaslike hoërskool. Die data van die opname is in 'n sigblad gestoor.

Maak die sigblad **Q3Health_Gesondheid** oop en werk in die werkblad **Sheet1**.

3.1 Formateer die werkblad soos volg sodat dit meer leesbaar is:

3.1.1 Voeg die inhoud van die selle in die reeks A1:L1 saam en sentreer dit horisontaal. (1)

3.1.2 Pas 'n vulkleur ('fill colour') van jou keuse op die kolomopskrifte in ry 3 toe. (1)

3.2 Die liggaamsmassa-indeks ('body mass index'/'BMI') word soos volg bereken:

$$\text{gewig}/(\text{lengte} * \text{lengte}) \text{ ('weight}/(\text{height} * \text{height}))$$

Voeg 'n formule in sel G4 by om die **BMI** van die eerste leerder te bereken. (3)

3.3 Kolom H bevat die leerders se antwoorde op die '**Activity Level**'-vraag.

3.3.1 Voeg 'n funksie in sel O9 om te bepaal hoeveel leerders verkies het om nie hierdie vraag te beantwoord nie. (2)

3.3.2 Voeg 'n funksie sel O5 om te bepaal hoeveel leerders se antwoord 'Inactive' was. (3)

3.4 Die navorsers wil weet watter ouderdomsgroep ('**Age group**') (kolom D) het die hoogste getal leerderdeelnemers.

Voeg 'n funksie in sel D30 om te bepaal watter ouderdomsgroep ('**Age group**') die hoogste getal leerderdeelnemers het. (2)

3.5 Voeg 'n funksie in sel D31 om die totale gewig van al die vroulike deelnemers in die opname te bepaal. (4)

3.6 'n Gesondheidsrisikofaktor vir leerders, gegrond op hul aktiwiteitsvlakke, word soos volg bereken:

Aktiwiteitsvlak-kategorie ('Activity Level Category')	Risikofaktor
Manlike leerders wie se Aktiwiteitsvlak onaktief is	Critical
Vroulike leerders wie se Aktiwiteitsvlak onaktief is	High
Alle ander leerders	No risk

Voeg geneste IF-funksies in kolom L by om die leerders se risikofaktor ('Risk Factor') te vertoon.

Dit word gegrond op die leerders se aktiwiteitsvlak (kolom H) en die tabel hierbo. (4)

3.7 'n 'BMI' wat groter as of gelyk aan 35 is, is rede tot kommer.

Pas gepaste formatering op kolom G toe sodat al die selle met 'n 'BMI' groter as of gelyk aan 35 outomaties met 'n rooi raam vertoon word. (3)

3.8 Hernoem Sheet1 tot **Survey**. (1)

Stoor en maak die sigblad **Q3Health_Gesondheid** toe. [24]

VRAAG 4: SIGBLAD

Die plaaslike gimnasium, met die naam Step Up Gym, het die besonderhede van hul lede op 'n sigblad ingesleutel.

Maak die sigblad **Q4Gym_Gim** oop en werk in die werkbld **Members_Lede**.

4.1 Voeg 'n funksie in sel B3 by wat altyd die huidige datum sal vertoon. (1)

4.2 Pas omvou ('wrap') toe op die kolomopskrifte in ry 6. (1)

4.3 Formateer die **Subscriptions per month**-kolom (kolom G) en **Reduced Subscriptions**-kolom (kolom H) na geldeenheid ('currency'). (1)

4.4 Voer 'n funksie in sel G43 in om die totale inskrywings ('subscriptions') wat Step Up Gym per maand ontvang, te bepaal, gebaseer op die **Subscriptions Per Month** (kolom G). (2)

4.5 Voer 'n formule in sel C7 in om die ouderdom in vol jare van die eerste lid te bereken deur vandag se datum (**Today's Date**) in sel B3 en die lid se geboortedatum (**Date of Birth**) in sel B7 te gebruik.

Byvoorbeeld, as die huidige datum 2014/06/04 is, dan sal:

- 'n Lid wat op 1982/05/24 gebore is, 31 volle jare oud wees
- 'n Lid wat op 1982/09/10 gebore is, 32 volle jare oud wees (4)

4.6 Voeg 'n VLOOKUP-funksie in sel K7 by om die rede waarom hierdie lid (Dane Sexton) gimnasium toe gaan, te vertoon.

Dit word gegrond op die rede wat in sel J7 gegee is en die data wat in die **Reason_Rede**-werkbld van die sigblad gegee is.

Maak seker dat die funksie korrek sal werk indien dit na die res van die selle in kolom K afgekopieer word. (4)

4.7 Die volle naam van die lid word in kolom A in die volgende formaat gestoor:

Naam en Van

byvoorbeeld Dane Sexton of Jeanette Mckinney.


Kodes word vir elke lid benodig. Die kode bestaan uit die eerste twee letters van die lid se van, byvoorbeeld Mc vir Jeanette McKinney of Gr vir Hasad Griffith.

LET WEL: Jy mag aanvaar dat elke lid slegs een naam het en dat daar altyd 'n enkelspasie tussen die naam en die van sal wees.

Maak seker dat die formule reg sal werk indien dit na die res van die selle in kolom F afgekopieer word.

Voer 'n funksie/formule in sel F7 in om die eerste twee letters van Dane Sexton se van te bepaal wat sal deel uitmaak van die lidkode. (5)

- 4.8 Stel 'n grafiek saam om die lede se gunstelingaktiwiteit in die gimnasium aan te toon deur gebruik te maak van die data in selle J44:L49 en die volgende opsies:



- Die grafiek moet 'n 2D-kolomgrafiek wees.
- Die vertikale as moet 'n geroteerde ('rotated') titel hê wat lees 'Number of Members'.
- Verander die skaal van die vertikale as na 2.
- Die verklaring ('legend') moet 'Favourite Activities of Members' wees.
- Die kolomme moet stapelgevul ('stack filled') wees met die prent **Q4Health_Gesond.jpg**.
- Wanneer die grafiek voltooi is, moet dit na 'n aparte werkblad met die naam **Graph** geskuif word.

Stoor en maak die sigblad **Q4Gym_Gim** toe.

(8)
[26]

VRAAG 5: DATABASIS

Jy is gevra om te help met die ontleding van die plekke waar mense eet en die tipe kos wat mense eet.

Maak die **Q5Food_Voedsel**-databasis oop.

5.1 Werk in die **Recipe_Resepete**-tabel.

5.1.1 Ken geskikte datatipes aan al die velde in die tabel toe.

- Die maksimum grootte van die *Recipe Name*-veld moet 40 wees.
- Die *Ingredient*- en *Method*-veld sal meer as 255 karakters hê. (5)

5.1.2 Verander die naam van die *Calories per serving*-veld na *Number of calories per serving*. (1)

5.1.3 Voeg 'n nuwe veld met die naam *Photo* by. Gebruik 'n geskikte datatipe. (2)

5.1.4 Stel 'n primêre sleutel op 'n geskikte veld in die tabel. (2)

5.1.5 Stel 'n geskikte valideringsreël op die *Number of calories per serving*-veld om te verseker dat slegs waardes tussen 0 en 50 ingesleutel word. Stel 'n geskikte valideringsboodskap op om die gebruiker te lei. (4)

5.1.6 Gebruik 'n aftreklys ('drop-down list') in die *Food Category*-veld om te verseker dat slegs Ontbyt, Middagete, Verversings, Aandete in dieselfde volgorde vasgelê kan word. (3)

Stoor en maak die tabel **Recipe_Resepete** toe.

5.2 Skep 'n vorm met die naam **frmInfo** wat op die tabel **Nutritional Value** gebaseer is.

5.2.1 Voeg slegs die velde *Type of Food*, *Healthy* en *Protein(g)* by die vorm. (1)

5.2.2 Verander die opskrif van die vorm na 'Protein Content' en maak seker dat die teks in die vormopskrif ('form header') gesentreer is. (1)

5.2.3 Voeg die datum by as 'n veld in die onderskrif van die vorm ('form footer'). (2)

Stoor en maak die **frmInfo**-vorm toe.

5.3 Skep 'n navraag met die naam **qryNutVal** wat op die **Nutritional Value**-tabel gebaseer is, soos volg:

- Slegs die *Franchise*-, *Calories*- en *Carbohydrates(g)*-velde moet vertoon word.
- Die kalorie-inhoud moet tussen 350 en 1000 ingesluit wees.
- *Carbohydrates(g)* moet groter as 20 wees.
- Slegs *Franchises* wat met 'Bu' begin, moet gelys word.
- Sorteer die *Type of Food*-veld in dalende volgorde. (6)

Stoor die navraag **qryNutVal** en maak dit toe.

5.4 Maak die navraag **qryKilojoule** oop. Die *Calories*-veld verskaf die totale kalorieë per voedselsoort.

- Voeg 'n berekende veld met die naam *Kilojoules* in wat die getal kilojoules vir elke ete sal bereken indien 1 kalorie = 4.17 kilojoules.
- Vertoon slegs die rekords van Burger Queen Franchise en moenie enige tipe voedsel met nul kalorieë vertoon nie.

(5)

Stoor en maak die navraag **qryKilojoule** toe.

5.5 Skep 'n verslag met die naam **CaloriesCounter** wat op die **Nutritional Value**-tabel gebaseer is, soos volg:

- Vertoon slegs die *Franchise*-, *Type of Food*-en *Calories*-velde.
- Groepeer die rekords in die verslag volgens die *Franchise*-veld, en hou al die franchise-groepe op een bladsy saam.
- Sorteer die rekords volgens die *Type of Food*-veld.
- Voeg 'n funksie in die verslag in, met 'n geskikte byskrif, om die gemiddelde getal kalorieë vir die voedseltipes wat deur elke franchise vervaardig word, te bepaal. Rond hierdie totaal na die naaste heelgetal af.

(8)

Stoor en maak die verslag toe.

[40]

VRAAG 6: WEBONTWERP (HTML)

Jy moet 'n webblad wat oor voedsel-leuens ('food fibs') geskep is, finaliseer.

Maak die webblad **Q6HomeSafe_HuisVeilig** oop.

LET WEL: Vraagnommers word as kommentare in die kode ingevoeg as riglyne vir ongeveer waar die antwoord(e) ingevoeg moet word.

Jy is voorsien van 'n HTML-merker-verwysingsblad.

Jou finale webblad moet soos volg lyk:

Food Fibs	
	
Fib Only kids eat raw cookie dough and cake batter. If we just keep kids away from the raw products when adults are baking, there won't be a problem!	Fact No one of any age should eat raw cookie dough or cake batter because it could contain germs that cause illness.
When kids wash their hands, just putting their hands under running water is enough to get the germs off.	Rubbing hands with water and soap is the best way to go. - o Wet your hands with water. - o Add soap. - o Rub your hands together for 15 seconds. - o Rinse hands under running water.
<u>Healthy habits for healthy kids!</u>	

- | | | |
|-------|--|-----|
| 6.1 | Verander die merkers ('tags') sodat die teks 'Home Safety' in die deurblaai-oortjie ('browser tab') verskyn. | (1) |
| 6.2 | Verander die agtergrondkleur van die webblad na oranje. | (1) |
| 6.3 | Beweeg na die bokant van die bladsy. | |
| 6.3.1 | Voeg 'n paragraaf in wat 'Food Fibs' lees. | (2) |
| 6.3.2 | Die font van 'Food Fibs' moet Forte wees EN die fontgrootte moet met 20 vergroot word. | (2) |
| 6.3.3 | Stel die paragraaf inlyn in die middel van die bladsy. | (1) |

- 6.4 Werk in die eerste sel van die tabel.
- 6.4.1 Voeg die prentjie **Q6Dirt_Vuil** in die eerste ry van die tabel in. Die skepper van die webblad het begin deur '<img' in te sleutel. (2)
- 6.4.2 Sleutel die teks 'Dirty Hands' in wat in plaas van die prentjie vertoon sal word indien die prentjie nie vertoon kan word nie. (1)
- 6.5 Die tweede item op die lys is tans leeg.
- Sleutel die teks in die kommentaar ('comment') in as 'n item in die lys.
 - Verwyder die kommentaar ('comment'). (3)
- 6.6 Formateer die tabel soos volg:
- 6.6.1 Voeg 'n ry aan die einde van die tabel in wat drie kolomme wyd is. (2)
- 6.6.2 Formateer die hoogte van die ry na 100. (1)
- 6.6.3 Stel die teks vertikaal inlyn in die middel van die sel. (1)
- 6.7 Die teks 'Healthy habits for healthy kids!' moet vertoon word en met die **Q6Healthy_Gesond**-dokument skakel ('link'). (3)
- Stoor en maak die webblad **Q6HomeSafe_HuisVeilig** toe. [20]

VRAAG 7: INTEGRASIE

Die eienaar van 'n kantoorblok het jou genader om hom te help om 'n vorm te ontwerp om die vlak van higiëne van al die besighede in die blok te bepaal. Hierdie vorm sal gebruik word om die klante toe te laat om die besighede volgens hul higiëne te beoordeel.

Maak die dokument **Q7Hygiene_Higiene** oop en voer die instruksies hieronder uit.

- 7.1 Aanvaar die veranderingspoor ('track change') in die eerste reël van die dokument en verwerp die veranderingspoor aan die einde van die eerste bladsy. (2)
- 7.2 Voer die instruksie in die kommentaar ('comment') uit en verwyder dan die kommentaar ('comment'). (2)
- 7.3 Voltooi die ontwerp van die vorm op die eerste bladsy deur die volgende vrae te voltooi:
 - 7.3.1 Maak seker dat die teksvormveld ('text form field') langs die teks 'Business type' die gebruiker slegs toelaat om 'n maksimum getal van 30 karakters in te sleutel. (1)
 - 7.3.2 Verander die kenmerke ('properties') van die teksvormveld ('text form field') langs die teks 'Business type' sodat 'n boodskap verskyn wanneer die gebruiker die F1-sleutel druk terwyl hierdie veld gebruik word.

Die teks 'Do not enter more than 30 characters' moet vertoon. (3)
 - 7.3.3 Maak seker dat die merkblokkieveld ('check box field') 'Hygiene rating' van 1 nie elke keer as die dokument oopgemaak word, gekies is nie. (1)
 - 7.3.4 Vervang die simbool links van 'Sort results' met 'n merkblokkievormveld ('check box form field'). (1)
 - 7.3.5 Maak seker dat die vorm deur enige gebruiker gebruik kan word en dat al die opsies sigbaar is.
LET WEL: Moet nie 'n wagwoord gebruik nie. (2)
 - 7.3.6 Verwyder al die persoonlike inligting, dokumentkenmerke ('document properties') en al die karakters wat as weggesteekte teks ('hidden text') geformateer is. (1)
- 7.4 Die dokument **Q7Data** bevat al die higiëne-graderings wat van elke besigheid en elke provinsie ontvang is.
 - 7.4.1 Gebruik die data en bepaal watter provinsie die meeste higiëne-graderings van 5 het. Vertoon die totaal van die higiëne-gradering onderaan die provinsie. (2)
 - 7.4.2 Sleutel die naam van die provinsie in die spasie wat daarvoor op die templaar met die naam **Q7Certificate_Sertifikaat** voorsien is. Stoor die lêer as **Q7Winner_Wenner**. (2)

- 7.5 'n PowerPoint-aanbieding met die naam **Q7Preparation_Voorbereiding** is voorberei om die publiek oor algemene voedselveiligheid in te lig.
- 7.5.1 Skakel die PowerPoint-aanbieding na 'n pdf-dokument om. (2)
- 7.5.2 Beskerm die PowerPoint-aanbieding deur dit as 'finaal' ('final') te merk. (1)
- Stoor en maak **Q7Hygiene_Higiene** en **Q7Preparation_Voorbereiding** toe. [20]
- TOTAAL: 180**